SAKE 24 (Beeld)
Friday, 19 November 2010, p. 10

Gesondheidsorg, ekonomie ly weens padongelukke

Wetsoortreding, swak padgedrag lei tot talle sterftes

Keer op keer wys navorsing, met inbegrip van ondersoeke deur die departement van vervoer en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), dat die meeste ongelukke op Suid-Afrikaanse paaie deur die menslike faktor of dan swak padgedrag veroorsaak word.

Keer op keer hoor jy by Suid-Afrikaners wat na lande soos Australië, Brittanje en Amerika uitgewyk het hoe bedagsaam voertuigbestuurders in dié lande is teenoor Suid-Afrikaanse padgebruikers wat dikwels aggressief en onbedagsaam is.

Dan praat 'n mens nie eens van baie padgebruikers se neiging om verkeerswette eenvoudig te minag en byvoorbeeld sonder om te skroom motors oor wit sperstrepe verby te steek nie.

Volgens die Padverslag van 2009 vind sowat 95% of meer van alle padongelukke regstreeks weens verkeersoortredings soos die nie-nakoming van voorgeskrewe reëls en standaarde plaas. In dié opsig speel die menslike element die grootste rol. Luidens die verslag het die menslike faktor tot 82,85% van noodlottige ongelukke bygedra teenoor 9,13% wat deur voertuigfaktore veroorsaak is en 8,02% deur padomgewingsfaktore.

Dit is nou tyd dat padgebruikers in dié land nie net die impak van padongelukke op die Suid-Afrikaanse ekonomie besef nie, maar ook op die gesondheidsorgstelsel, maan mnr. Gary Ronald, hoof van openbare betrekkinge by die Automobiel-Assosiasie van Suid-Afrika (AA).

In 2008 het die AA 'n ondersoek deur dr. Johan Sampson, 'n ingenieur en padspesialis, gepubliseer om die koste verbonde aan Suid-Afrika se padnetwerk te bepaal, en wat dit verg om dit in 'n goeie toestand te hou.

Volgens dié navorsing is R32 miljard per jaar nodig om die paaie in stand te hou – veel minder as die koste van padongelukke.

Met die land se gesondheidsorgstelsel reeds onder groot druk en afhanklik van die belasting van 'n klein minderheid, het die gevolge van padongelukke nie net 'n negatiewe uitwerking op die lewe van die familie en vriende van padslagoffers nie; dit het ook 'n invloed op die koste van voldoende gesondheidsorg, die werkvermoë van mense en die land se produktiwiteit.

"Padongelukke raak nie net dié wat regstreeks daarby betrokke is nie, maar ook ander elemente van die gemeenskap. Dit sluit in regstreekse koste wat wissel van hospitaal- en begrafniskoste tot pyn, lyding en lewensverlies asook verlies aan arbeidsuitsette.

"Ons kan nie die toestand beheer van die paaie waarop ons aangewese is nie en ons sal nooit die bestuursvermoë van ander motoriste kan voorsien nie; dus hang dit van Jan en alleman af om individueel 'n poging aan te wend wat gesamentlik 'n groot impak op ons gesondheidsorgstelsel en -infrastruktuur asook die ekonomie sal hê," beklemtoon hy.

"Met meer voertuie op die paaie as ooit tevore gaan ongelukke dié vakansietyd onvermydelik weer groot druk op gesondheidsorgdienste en uiteindelik op die ekonomie in die geheel plaas.

"Suid-Afrikaners moet 'n langtermynsiening ten opsigte van padongelukke inneem en besef dat hulle die land se ekonomie beduidend beïnvloed.

"Ons moet almal verantwoordelikheid aanvaar deur nie deel te wees nie van die bydraende menslike faktor wat Suid-Afrika se ongelukstatistieke van die hoogste ter wêreld maak," sê Ronald.

Motorwrakke staan opgestapel op 'n skrootwerf in Athis Mons, Frankryk. Sowat 95% of meer van alle padongelukke gebeur regstreeks weens verkeersoortredings.
Foto: FABRICE DIMIER, BLOOMBERG

Gesondheidsorg, ekonomie ly weens padongelukke
Wetsoortreding, swak padgedrag lei tot talle sterftes
DIE MEES GEVORDERDE ONGELUKVOORKOMING TEGNOLOGIE BESTAAN NEEDS EEUE LANK.